*Woensdag* **10 Desember**

**Skrifgedeelte: 1 Petrus 1:1-9**
**Fokusgedeelte: 1 Petrus 1:3-4 (AFR53/83/2020)**

## Lewe met ’n lewende hoop!

Ons kan so gou moedeloos raak oor omstandighede in ons lewe. Siekte of finansies of ouderdom of eensaamheid of bekommernisse oor die onsekerheid van die toekoms, maak dat ons moed verloor, maar skep moed en lewe met hoop. Dit is immers waaroor hierdie brief van Petrus handel, gerig aan Christene wat verwerp, gespot en vervolg is.

Hy bemoedig die Christene deur eerstens te sê: God het ons opnuut verwek, sodat ons ’n lewende hoop mag hê. Opnuut verwek beteken weer gebore, ’n nuwe lewe wat deur God bewerk word, ’n nuwe lewe wat getuig van hoop.

Maar waar kom die hoop vandaan? Ons lees: “… deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood.” Jesus het die dood oorwin, Hy het opgevaar na die hemel en van daar regeer Hy oor alle dinge.

Ons hoop is vas en seker in die belofte van God en Jesus se opstanding is die bewys dat jy ook deel het aan die belofte, die erfenis, wat onverganklik is. Dit sal nooit vergaan nie. Dit is onbesmet. Dit kan nie besoedel word nie. Dit verwelk nie. Dit sal nooit sy oorspronklike inhoud verloor nie.

Dit is ’n erfenis wat vir ons deur God in die hemel bewaar word. ’n Erfenis is iets wat jy vir seker sal kry, maar nog nie het nie. Jy weet nie wanneer jy dit gaan kry nie, maar jy weet jy gaan dit kry. Ons erfenis is die ewige lewe saam met God. ’n Lewe sonder moeite en verdriet, sonder trane en hartseer, sonder siekte of dood. Die lewe op ’n nuwe hemel en nuwe aarde. As jy in Christus glo, is dit ’n sekerheid. Dit staan vas en dit is die hoop waarmee jy mag leef.

Al word ons vir ’n kort tydjie deur beproewings bedroef, kan ons steeds in die Here jubel, want Hy skenk aan ons ’n lewende hoop. Tel jou kop op en lewe met hoop!

*Sing: Psalm 130-1:3, 4*

*Ds. LP (Leon) van Jaarsveld (Brakpan)*